Publication: Taalgenoot
Title: WAT KRUIP WEG AGTER
AVE: 17033.16
Page: 8
Publish Date: 01 September 2023
Author: GERHARD VAN HUYSSTEEN

RUBRIEK



WAT KRUIP WEG AGTER DAAI *?

DEUR GERHARD VAN HUYSSTEEN

"Hoekom tog so skynheilig met daai sterretjie-woord?" word ek onlangs skerp op Facebook berispe toe ek in 'n plasing skryf dat ek "soos 'n p**ph*l" gevoel het nadat ek iets doms gedoen het. Dat sy nie daarvan hou nie, is natuurlik geen probleem nie; ons het almal ons voorkeure. Soveel mense, soveel opinies.

Om die gebruik van sulke sterretjiewoorde skynheilig te noem, is egter 'n wanbenaming. Ek sou skynheilig gewees het as ek voorgegee het om nooit te vloek nie. Dis nie wat hierdie asteriske vermag nie. Almal weet steeds dat ek domonnooslik gevoel het en dat ek p**ph*l in ander kontekste dalk voluit sou geskryf of gesê het.

Hoekom skryf ons – soos *Taalgenoot* ook – sommige woorde met sterretjies?

Talige vermomming (*linguistic subterfuge*) het hoofsaaklik twee funksies: versagting en verbloeming. Versagting (oftewel eufemisering) is die proses waarmee ons ons taal aanpas om binne bepaalde kontekste die angel uit die werklikheid te neem. 'n Dokter mag dalk in 'n operasieteater verklaar dat die pasiënt dood is, maar sê dan metafories aan die naasbestaandes: "Sy het ons vyf minute gelede verlaat."

Verbloeming is gewoon die proses waarmee ons dit wat ons eintlik wil sê op die een of ander manier wegsteek. Soos Nijhoff in Nederlands sou sê: "Er staat niet wat er staat."

Dink byvoorbeeld aan sarkasme. Jy sien hoe iemand teen jou geparkeerde kar bots, maar in plaas daarvan om te gil en te skreeu, sê jy doodkalmpies: "Dis nou mooi, dis nou fff ... vreeslik mooi!"

Behalwe om hulpmiddels soos metafore, sarkasme, humor of retoriese vrae te gebruik, kan ons in gesproke taal byvoorbeeld fluister om iets wat ons sê te verbloem. Of ons kan die woord oordrewe "uitspreek" met net ons lippe; sonder om 'n klank voort te bring.

In geskrewe taal is daar hordes maniere om woorde te vermom. Reeds in antieke tye is geheimskrif (*ciphertext*) gebruik, byvoorbeeld om pottebakkersresepte geheim te hou.

Vandag nog word jou wagwoorde (hopelik) met komplekse algoritmes verbloem.

Gepraat van die rekenaarwêreld: Kodetaal (*algospeak*) word dikwels deur gebruikers ingespan om onder die radar van moderators of soekenjins te vlieg. 'n Mens sien dit byvoorbeeld wanneer haatsprekende trolle allerlei ander woorde gebruik om na buitegroepe te verwys of kamoefleertaal (*leetspeak*) om letters met simbole te vervang. In plaas van p**ph*l kon ek p03ph01 of selfs |* Ø € |*|-| Ø|_ geskryf het.

En hoe meer taboe 'n woord word, hoe meer word dit vermom. Kom ons veronderstel dat "rakker" in 'n stadium 'n taboewoord word. Ons kan voorspel dat die vermomming van die woord soos volg sal ontwikkel: rakker word r4kk3r word r*kker word r*kk*r word r****r word die r-woord.

In 'n kursus oor vloekwoorde wat ons aan die Noordwes-Universiteit (NWU) en die Universiteit van Pretoria (UP) aangebied het, was daar vier woorde wat ons besluit het nooit in die klas gesê of in werkstukke volledig geskryf mag word nie. Waarom? Want die KKMH-woorde kan jou mang toe laat gaan ...**T**

Gerhard van Huyssteen is 'n taalkundige aan die Noordwes-Universiteit.
gerhard.vanhuyssteen@nwu.ac.za.

The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.